



Hugenate Hoërskool

COVID-19 BELEID



D - Sifing van Personeel en Leerders



Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinerings	D – WKOD Riglyn: Sifting van Personeel en Leerders	
D - WKOD Riglyn	Uitgereik: 15 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-15



D – SIFTING VAN PERSONEEL (ONDERRIG EN NIE-ONDERRIG), LEERDERS EN ENIGE PERSOON WAT DIE SKOOLTERREIN BETREE

1. Doel

- 1.1 Om riglyne te verskaf aan prinsipale en SBS'e oor hoe om die siftingsproses te beheer wanneer personeel, leerders en/of ander persone die skoolterrein betree. Die siftingsmaatreëls is nodig vir die beskerming van onderwysers en leerders en om die verspreiding van of ontsmetting deur die COVID-19-virus te verhoed.
- 1.2 Die provinsiale Departement van Gesondheid het aangedui dat sifting 'n eenvoudige proses is wat nie gesondheidsamptenare of gespesialiseerde opleiding verg nie. Dit behels 'n getal vrae wat gevra moet word en tempertuursifting (indien termometers beskikbaar is). Die Departement van Gesondheid het voorts aangedui dat hulle nie die vermoë het om sifting by skole te behartig nie. Daarom moet skole beplan dat personeel die sifting doen en 'n rooster daarvoor opstel.

2. Beheer oor ingange

- 2.1. Die getal ingange moet beperk word, afhangende van die beskikbaarheid van sifters.
 - Huguenote maak gebruik van die hoofingang vir toegang van alle personeel.
 - Leerders sal die twee ingange (onder swembad en grashokkievelde) in Generaal Hertzog gebruik vir toegang tot terrein. GEEN VOERTUIE ANDERS AS PERSONEEL SIN SAL OP DIE TERREIN TOEGELAAT WORD NIE
 - Daar sal afstand (1.5 meter) merke buite op die sypaadjie langs die heining afgemaak word waar leerders aantree.
 - Indien dit reën mag die paviljoen ook gebruik word vir leerders.
 - Alle motorfietsies, fietse moet ook by netbalbane geparkeer word. Leerders met motors moet hulle voertuie in Generaal Hertzog parkeer.
- 2.2. Wys plekke aan waar sifting kan plaasvind. Onderwysers moet help sodat daar behoorlike beheer is.
 - Die ingang by voorportaal sal as siftingsplek vir personeel gebruik word.
 - Koshuispersoneel word by koshuiskombuisingang gesif.
 - Die netbalafdak sal as siftingsarea vir leerders gebruik word
- 2.3. Prinsipale moet toesien dat sifters die nodige oriëntering kry.
 - Personeel sal in groepe ingedeel word onder leiding van SMT wat beurte het
 - Leerders sal in voogklasgroepe gesif word.
- 2.4. Sifters moet 'n masker dra en hulle hande gereeld ontsmet.



- 2.5. Niemand moet op die skoolterrein toegelaat word sonder 'n lapmasker nie. Maskers sal deur die WKOD voorsien word – hopelik twee per onderwyser en leerder.
 - Daar sal 'n onderwyser aan diens by die ingange wees om toe te sien dat elke leerder 'n masker op het en om leerders se hande te ontsmet
- 2.6. Skole kan dit oorweeg om die begintye te versprei sodat daar minder opeenhoping soggens is.
 - Leerders (graad 12) kom in twee groepe skool toe, eerste groep om 07:30 en tweede groep om 07:45.
 - Die tye en groepe sal aangepas word soos wat ander grade begin skoolgaan.
 - Slegs EEN GRAAD kan in 'n sekere tydskedule by skool aanmeld
- 2.7. As leerders toe staan om vir toelating tot die skool gesif te word, moet sosiale afstand toegepas word.
 - Dit sal beheer word deur aangestelde onderwysers aan diens die oggend.
- 2.8. Die WKOD sal skole voorsien van digitale termometerskandeerders, wat gebruik moet word om die liggaamstemperatuur van leerders wat binnekom te meet.
- 2.9. 'n Toepassing is ontwikkel wat met hierdie proses kan help.
- 2.10. ***Enigeen wat weier om gesif te word, mag nie op die skoolterrein toegelaat word nie.***

3. Prosessuele aspekte

- 3.1. Die volgende moet by die geïdentifiseerde ingangspunte na die skool plaasvind:
 - 3.1.1. Siftingspersoneel moet betyds aanmeld vir die siftingsproses. **GEEN PERSOON MAG SKOOLGEBOU BETREE INDIEN HULLE NIE EERS GESIF IS NIE EN DAAR BEHOORLIK AANTEKENING VAN GEMAAK IS NIE. LEERDERS MAG NIE DIE TERREIN BETREE INDIEN HULLE NIE GESIF IS NIE (NETBALAFDAK)**
 - Hoof en adjunkhoof meld om 06:45 by skool aan sodat hulle, admin en werkers gesif kan word
 - SMT meld om 07:00 aan sodat hulle gesif kan word deur die hoof en die adjunkhoof
 - Personeel meld om 07:10 aan sodat hulle gesif kan word
 - Enige ander persone wat die terrein betree moet vooraf die nodige toestemming van die hoof ontvang.
 - Alle besoekers (moet lapmaskers aanhe) meld by die voordeur aan waar hulle gesif sal word en in 'n register moet inteken.
 - 3.1.2. Maak seker dat alle siftingsmiddels gereed is en goed werk.
 - Mnr. Johann Enslin, mnr. Alwyn Burger en mnr. Riaan Venter is verantwoordelik om voorrade/apparaat/tafels/klipborde ens. elke dag gereed te hê.



- 3.1.3. Leerders/onderwysers moet gevra word om tou te staan om gesif te word, met inagneming van die 1,5 m sosiale afstandsvereistes.
- 3.1.4. Afmerkings op die grond/vloer kan gebruik word om met sosiale afstand te help.
- Gange is gemerk, sypaadjie sal ook netjies gemerk word sodat dit weer afgehaal kan word en nie die sypaadjie onnet maak nie.
- 3.1.5. Maak seker dat mense maskers dra. Niemand mag op die terrein toegelaat word sonder 'n masker nie.
- 3.1.6. Elke leerder se koors moet gemeet en aangeteken word.
- Vind by netbalafdak plaas
- 3.1.7. Die persoon moet dan vyf vrae beantwoord (die templaot met die vrae sal aan die skool gegee word vir duplikasie). Die templaot sal die volgende vrae bevat:

Nr.	Vraag	Ja	Nee
1	Hoes jy?		
2	Het jy koors?		
3	Is jy kortasem?		
4	Is jou keel seer?		
5	Was jy die afgelope 14 dae in direkte aanraking met iemand wat alombekend die koronavirus (COVID-19) opgedoen het?		

- 3.1.8. As hierdie vrae aandui dat 'n persoon 'n gevaar inhou of as die skandeerder se lesing bo 38 °C is, moet daardie persoon versoek word om die COVID-19-blikslynommer (Wes-Kaapse Regering 021 928 4102 of Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes 0800 029 999) te raadpleeg.
- Indien 'n personeellid nie die sifting slaag nie moet hulle dadelik die terrein verlaat en die nodige doen soos wat die regulasie bepaal.
 - Indien 'n leerder nie die sifting slaag nie, mag hulle ook nie vêrder in die terrein inbeweeg nie en moet hulle dadelik die terrein verlaat en huis toe gaan. Uitsonderings waar leerders vervoerprobleme ervaar sal daar 'n reëling getref word om die leerder in die toegewysde lokaal te laat wag.
- 3.1.9. Ná hierdie proses moet die persoon na die volgende punt aanbeweeg waar hy/sy hulle hande moet was of handreiniger gebruik voordat na die administrasiegebou of klaskamers voortbeweeg word.



- Leerders beweeg dadelik vanaf die afdak na hulle onderskeie toegewysde lokale toe soos vir die eerste periode. Hier sal hulle hande weer ontsmet word voordat hulle die vertrek mag binnegaan
 - 'n Onderwyser sal leerder by lokale inwag.
 - Leerders wat in die koshuis daardie oggend moet wees vir klas, BEWEEG NA DIE PAVILJOENE WAAR HULLE SAL WAG TOTDAT KOSHUISLEERDERS DIE KOSHUIS VERLAAT HET (07:55)
- 3.1.10. Die inligting van alle onderwysers en leerders wat gesif is, moet aangeteken word.
- Die daaglikse aantekening van sifting is 'n vereiste en dit moet nagekom word.
 - Die vrae sal op 'n TOEP elektronies beantwoord word (WKOD) en moet op 'n aantekenregister wat in elke persoon se naam uitgereik is aangeteken word.
- 3.1.11. Die skool moet die siekeboeg of enige ander kamer voorberei om onderwysers/leerders wat nie die siftingstoets geslaag het nie tydelik in te perk. Onderwysers moet versoek word om hulleself vir 14 dae af te sonder en die nodige voorsorgmaatreëls te tref om die voortgesette verspreiding van die virus te verhoed. Daar moet met 'n leerder se ouers in aanraking gekom word sodat hulle die leerder kan kom haal en versorg. Sodanige leerders moet vir 14 dae in afsondering bly en, indien nodig, 'n mediese praktisyn raadpleeg of die blitslynommers skakel.
- Die siekekamer in FLEURTIEK se gang dien as COVID 19 siekeboeg
- 3.1.12. As die WKOD-toepassing by jou skool beskikbaar is, sal die data direk op die toepassing vasgelê word.
- 3.1.13. 'n WKOD-templaar (Dokument D1) met die siftingsvrae wat deur die persoon wat gesif word gedurende sifting ingevul moet word, word hieronder voorsien, indien die toepassing nie beskikbaar is nie. Dit kan by klaslyste aangepas word en dieselfde vrae kan gevra word.



D1: Siftingstemplaat

Leerder/onderwyser/ander persone se naam	Graad/Klas	Datum

Temperatuurlesing:

Nr.	Vraag	Ja	Nee
1	Hoes jy?		
2	Het jy koors?		
3	Is jy kortasem?		
4	Is jou keel seer?		
5	Was jy die afgelope 14 dae in direkte aanraking met iemand wat alombekend die koronavirus (COVID-19) opgedoen het?		

Handtekening van siffter: